# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

9 Januarie 2023

**Omsendbrief 1/2023**

Alle verbondsonderrighoofte en saakgelastigdes

**Graad 1 VBO-boeke**

Aan die einde van 2022 het ek in omsendbrief 12/2022 terugvoer gegee oor die vertraging met die voltooiing van die nuwe graad 1 VBO-boekies. Hoewel ons mooi op dreef was om dit af te handel, het ons einde ten laaste besluit om dit nie vir 2023 te laat druk nie en eerder nog vir hierdie jaar met die huidige boekie voort te gaan.

Ons plan was om ’n klein oplaag (vir een jaar) te druk sodat gemeentes, voorgangers en kommissies nog terugvoer kon gee op die nuwe inhoud en ons uiteindelik ’n finale weergawe vir 2024 kon laat druk. Ongelukkig was die koste vir die druk van so ’n klein oplaag in volkleur net te hoog en nie koste-effektief nie en moes ons van ons planne afsien.

Die boekie sal wel gefinaliseer en elektronies aan geselekteerde gemeentes en die onderskeie kommissies wat die inhoud finaal moet goedkeur, gestuur word vir hulle insette en terugvoer. Die doel is om teen die einde van die jaar ’n finaal-goedgekeurde publikasie te hê sodat ons ’n groot genoeg oplaag (vir ten minste vyf jaar) kan laat druk en sodoende die koste vir gemeentes so laag as moontlik te hou.

Ons het reeds u bestellings vir graad 1-boekies ontvang. Ons het ’n klein oplaag van die huidige boekies laat herdruk en sal nou begin om die bestellings uit te voer. Ons vra weereens verskoning vir enige ongerief. Ons werk hard daaraan om ’n nuwe reeks van hoogstaande kwaliteit aan u bekend te stel.

*Vriendelike groete*

**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023